

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Bereidwilligheid

Skriflesing: Lukas 1:26-38

Broodjies vir die pad

“We can judge our progress by the courage of our questions and the depth of our answers, our willingness to embrace what is true rather than what feels good.”

— Carl Sagan

“The house lights go off and the footlights come on. Even the chattiest stop chattering as they wait in darkness for the curtain to rise. In the orchestra pit, the violin bows are poised. The conductor has raised his baton. In the silence of a midwinter dusk, there is far off in the deeps of it somewhere a sound so faint that for all you can tell it may be only the sound of the silence itself. You hold your breath to listen. You walk up the steps to the front door. The empty windows at either side of it tell you nothing, or almost nothing. For a second you catch a whiff of some fragrance that reminds you of a place you’ve never been and a time you have no words for. You are aware of the beating of your heart...The extraordinary thing that is about to happen is matched only by the extraordinary moment just before it happens. Advent is the name of that moment.”

— Frederick Buechner, *Whistling in the Dark: A Doubter's Dictionary*

“A waiting person is a patient person. The word patience means the willingness to stay where we are and live the situation out to the full in the belief that something hidden there will manifest itself to us.”

— Henri J.M. Nouwen

“There is no avoiding the fact that we live at the mercy of our ideas This is never more true than with our ideas about God.”

— Dallas Willard, *Hearing God: Developing a Conversational Relationship with God*

Wanneer groot bome val

Maya Angelou. Vertaling van Engels in Afrikaans.

Wanneer groot bome val,
sidder die klippe op 'n duisend heuwels,
lê leeus laag
in die lang gras,
boemel selfs die olifante
na veiligheid.

Wanneer groot bome val
in die woud,
keer alles wat klein is in hulself,
hul sinne
verby vrees verstomp.

Wanneer groot siele sterf,
word die lug om ons
lig, raar, steriel.
Ons haal asem, vlugtig.
Ons oë sien, vlugtig,
met pynlike klaarheid.
Herinnering, skielik verskerp,
doen ondersoek,
kou aan sagte woorde
ongesê,
beloofde wandelinge
nooit onderneem nie.

Groot siele sterf en
wat vir ons werklik was,
verlaat ons.
Ons siele,
afhanklik van hul
koestering,
krimp en verskrompel.
Ons verstand, verlig
en toegelig deur hul
lig,
val weg.
Ons word nie soveel waansinnig
as gereduseer tot die onuitspreeklike
afsydigheid
van donker, koue
grotte nie.

En wanneer groot siele sterf,
sal daar na 'n tyd weer vrede blom,
geleidelik, maar altyd
sporadies. Ruimtes vul
met 'n soort
sussende elektriese vibrasie.
Ons sinne, herstel, maar nooit weer
dieselfde nie, fluister, fluister in ons ore:
Hulle was. Hulle was.
Ons kan wees. Ons kan wees, ons kan
beter wees. Want hulle was.

<https://versindaba.co.za/2020/12/15/maya-angelou-vertaling-in-afrikaans/>

“I do not accept any absolute formulas for living. No preconceived code can see ahead to everything that can happen in a man's life. As we live, we grow and our beliefs change. They must change. So I think we should live with this constant discovery. We should be open to this adventure in heightened awareness of living. We should stake our whole existence on our willingness to explore and experience.”
— Martin Buber

Dana Snyman: 'Ons is ons stories'

Laetitia Pople

'n Skrywer wat met so 'n dikke, eie bundel in die hand staan voel baie dinge gelyk, vertel Dana Snyman. Hy is tegelyk dankbaar én tog ook verras met homself.

“Ek het nooit as kind gedroom daarvan om eendag 'n skrywer te word wat boeke publiseer nie. Ek is lankal nie meer 'n tradisionele gelowige nie, maar in die toevallighede van my lewe ontdek ek telkens iets van die Groot Misterie wat help

bepaal hoe jou lewe verloop . . . 'n Mens voel ook 'n bietjie weerloos. Gaan die stories iets in mense aanraak? Raak ek nie te selfgenoegsaam in van die stories nie?"

Hy was nou betrokke by die saamstel van die bundel en voel baie bevoorreg teenoor die mense wat hom daarmee gehelp het – die bobaas-kortverhaalskrywer Abraham H. de Vries en die boekresensent Jonathan Amid. Op die voorblad skryf De Vries: "Dana se stories – uit die land se gisters en uit die hede – vertel saam 'n groter verhaal. Eerlik en uniek Afrikaans."

"Hoekom het Braam (de Vries) nog nie die Hertzogprys gekry nie? Hy het elke storie, ook dié wat nie in die boek is nie, deurgewerk en raad gegee en kritiek gelewer. Ek sal oom Braam vir ewig dankbaar bly dat hy hom met my bemoei. Daarsonder sou die boek nie gewees het wat dit is nie. Jonathan (Amid) het ook gehelp. Hy is van 'n jonger geslag. Sy raad was ook waardevol. En natuurlik Erika Oosthuizen, 'n engel van 'n uitgewersvrou. Ons stap al 'n lang pad saam."

In die stories maak mense hul hart en wese oop vir hom, dit blyk dat stories na hom aangeloo kom. Wat hoop hy om met sy stories te vermag?

"Die ou San-mense het geglo ons klomp hier op aarde is deel van 'n groter storie wat vertel word. Dit is vir my so mooi, en waar. Ons is ons stories. Daarom het ek daardie bekende Joan Didion-aanhaling as motto voorin die boek gebruik: 'We tell ourselves stories in order to live.' Stories kom na 'n mens toe, ja. Die San-mense het gesê stories kom op die wind na jou toe aan. Sit jy lank genoeg in 'n winkelsentrum, 'n kroeg, of waar ook al, en jy kyk en luister, sien jy die stories rondom jou gebeur, mits jy jouself klein hou. Maar deesdae raak ons blind vir mekaar se stories omdat ons so verknog is aan ons menings, wat ons so graag op die sogenaamde sosiale media verkondig. Ons perk mekaar in met ons menings, eerder as om dalk na mekaar se stories te luister . . . Wat probeer ek met my stories vermag? Ek wil nie te hoog daarvoor opgee nie, netnou hou die storiwinde op om vir my te waai."

Daar is stories wat hy teëgekom of beleef het, wat hy nog nie die moed gehad het om te vertel nie.

"Miskien omdat my eie rol in die storie nie altyd baie eerbaar is nie. Ek is op die oomblik in die greep van Karl Ove Knausgård se boeke. Daardie Noorweër wat alles van sy lewe vertel. Is dit nie die manier hoe daar al hoe meer in die toekoms geskryf gaan word nie?"

Oor sy eie en nabye mense skryf hy oop en eerlik, so ook oor homself. Eerlikheid is noodsaak vir hom as skrywer.

"My arme, liewe pa. Ek hoop darem my liefde en respek vir hom slaan ook in my skryfwerk deur. Dis 'n moeilike ding. Ek probeer eerlik oor my lewe wees: Hoe ek gedink het apartheid is reg en hoe ek vir die NP gestem het, ook hoe ek al nonsens aangejaag en te veel in kroë rondgehang het. 'n Mens wil nie sensasioneel raak nie, maar jy besef ook jy is nou te oud om jouself beter te probeer lieg as wat jy is."

Sy stories is vir die leser soos stil punte of verposings in die helse geraas wat die lewe geword het. Baie van die verhale is besonder deernisvol sonder dat dit aangelap word by die storie.

"Deernis is nooit vanselfsprekend nie. Deernis is Genade. Jy verloor jou deernis telkens in hierdie gebreke land, en as jy dit weer kan terugvind, kan jy net dankbaar wees . . . Op 'n manier is om te skryf 'n vorm van meditasie vir my, selfs 'n vorm van gebed."

Benewens essays, kortverhale en joernalistiek is hy 'n dramaturg. Hoe wil hy vorentoe as skrywer ontwikkel?

"'n Mens hoop net jy bly gesond en helder in jou kop en jy verspil nie te veel van jou talent nie. Ek sal maar net bly skryf, skryf, skryf, en hoop iets in die skryfwerk word beter en ryper."

Soos seker die meeste mense op die planeet, sal hy graag 'n punt na 2020 wil sit, tog het hy baie vanjaar midde-in die koronavirus-pandemie geleer.

"Die belangrikste wat ek seker vanjaar geleer het, is hoe afhanklik ons as mense van mekaar is. Hoe ons mekaar moontlik maak. Hoe ons die lewe vir mekaar draagliker en meer vol vreugde kan maak, en ook hoe ons mekaar kan bevark en hoe ongelukkig ons mekaar kan maak. In 2021 hoop hy vir nog van die g's: gezondheid, geluk en genade."

Die komende feestyd gaan hy so rustig en stil deurbring as moontlik, "saam met mense wat vir my lief is en ek vir hulle. Tussendeur wil ek baie lees, en elke dag met die honde gaan stap."

<https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/dana-snyman-ons-is-ons-stories-20201214>

Brood vir die pad

Beethoven ontroer en bemoedig steeds

Die Duitse komponis Ludwig van Beethoven is op 17 Desember 1770 in Bonn gedoop, en is waarskynlik die vorige dag gebore. Vanjaar is dus die 250ste herdenking van Beethoven se geboortedag, 'n geleentheid wat ondanks die pandemie oor kontinente heen gevier word. En tereg, want, soos die befaamde dirigent Leonard Bernstein dit in 'n treffende huldiging (2008, beskikbaar op YouTube) van Beethoven se musiek stel, "this music is not only infinitely durable but perhaps the closest music has ever come to universality".

Onder die talle grootse werke van Beethoven tel sy Negende Simfonie, met die bekende finale beweging wat aansluit by Friedrich Schiller se lofgedig "Aan die vreugde". In die eerste strofe van Schiller se ode hoor ons die woorde: "Vreugde, skone godesvonk/ . . . Alle mense word broers/ waar jou sagte vleuels verwyl." Voor die koor in die Negende Simfonie op magtige wyse hiermee losbars, laat Beethoven as deel van die worstelende musikale opbou die bariton sê: "O, vriende, nie hierdie klanke nie! Laat ons meer aangename klanke aanhef. En meer vreugdevol!"

Dit is nogal gepas dat die herdenking van die komponis van die Negende Simfonie se geboortedag in die week ná die derde Sondag van Advent val. Dié Sondag staan bekend as Gaudete-Sondag, na aanleiding van die intreelied van die Latynse Mis (in aansluiting by Filippense 4:4): Gaudete in Domino semper ("Verbly julle altyd in die Here").

'n Mens kan nogal wonder oor hierdie kykie op vreugde tydens Advent (dikwels ook gemerk deur die aansteek van 'n eiesoortige rooskleurige kers in die adventskrans). Vra die ellende en pyn om ons, en in ons, nie eerder vir klag en protes nie? Die punt is egter dat dié vreugde midde-in die werklikheid van donkerte en verdriet ontspring.

Dieselfde kan gesê word van Beethoven se Negende. Soos Karel Schoeman in *Eroica*: 'n Roman oor die lewe van Beethoven skryf: "Hoeveel teleurstellings en mislukkings het die jare hom nie gebring nie, hoe het die eenszaamheid nie in hom toegeneem nie . . . – en tog het hy in hom die musiek gevind om uitdrukking te gee aan die samesyn en broederskap wat Schiller besing."

In sy huldiging lig Bernstein die gedagte verder toe met woorde wat dalk verklaar waarom Beethoven se musiek steeds en opnuut in Desember 2020 'n wye verskeidenheid mense oraloor kan ontroer, bemoedig en bemagtig: "Perhaps there was in Beethoven the man a child inside that never grew up, that to the end of his life remained a creature of grace, innocence and trust, even in his moments of greatest despair." – **RRV**

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-beethoven-ontroer-en-bemoedig-steeds-20201214>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877